# Hey!
# Brokkies Nuus
# September 2013

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

## LENTE = GROEI en ons as aanbieders moet ook groei by Hey ! "the SPRING edition"



Wat 'n PRENTJIE: SNEEU van Summies se stoep

**September het begin met sneeu op die berge, asemrowend mooi! Toe die sneeu smelt het die groen sommer oral uitgespruit! Net soos die skielike "van sneeu na grasgroen" het God ook hierdie jaar groei laat plaasvind en ons eer Hom daarvoor. Wie fasiliteer klasse? Sowat 65 vrywilligers in Wes-Kaap wie hul tyd en liefde gee op weeklikse basis. Bid vir ons! Ons as aanbieders moet ook groei en Hey! probeer geleenthede skep waar gesoute hande soos Marius Wolfaardt, James Nolte, Chris Bester, Carel Strydom in ons lewens inploeg op geestelike basis en ons is so dankbaar teenoor julle!!**

**TERUGBLIK OP SEPTEMBER EN VOORUITSIG VIR OKTOBER:**



Kreatiewe Lochies ♥ maak 'n mosaïek kruis

**1.Dankie aan al die passievolle en kreatiewe aanbieders:** Die passie waarmee lesse aangebied word en inisiatief van persone betrokke is "amazing" So 'n voorbeeld is vroue by Lochnerhof wie se gr1A groep **2 Sam 2:22 gemosaïek** het op klippe as n aktiwiteit! Dankie aan elk wie ekstra moeite doen, lekkertjies uitdeel en bowenal jul TYD&LIEFDE gee!!

Liewe, lawwe, vrolike kinders by Rustenhof Plaas-jul sing die lekkerste!



**2."KOEK VIR AFRIKA"** Wat 'n lekker manier om die kwartaal af te sluit by **Lawrencia primêr**, **Lindilani en Bonnytoun** (plekke van veiligheid vir verhoorafwag-tende seuns) Vanessa het ook boodskap gelewer aan die leerders van Lawrencia en ons is dankbaar dat hele skool en personeel onder geklank van die Woord kon kom! **Mag saad wat gesaai is groei hier! Bid steeds vir die skool asb.** aangesien daar net aan gr 1-3 op weeklikse basis bedien kan word a.g.v. CAPS.



Vanessa, John & tannie Marjorie by Lawrencia die dag toe skole sluit

**Dankie vir jou gebede, liefde en omgee! Celeste Steinmann 082 322 5299**



Chris op sy stukke!Beaumont se gr 4's sing & dans vir Jesus!

**3. KINDERS SING VIR DIE HERE!** Die gr4's by Beaumont (sowat 185) het soveel pret gehad met Chris Bester wie sy kitaar gebring en o.a. die Christen "macarena" geleer het! So lekker om God te loof en prys :**"the joy of the Lord is your strength" Neh 8:10** is waar!!

**4. NUWE BEDIENING: DANIE ACKERMANN in Strand, GR 5 EN 6 Explorers club** lesse gaan aan +-**250 kinders** wat uit moeilike huislike omstandighede kom gegee word **op weeklikse basis!** Dankie aan ons nuwe aanbieders ♥

Span wie gister opgelei is vir Explorers Club by Danie Ackermann!!



**Carel Strydom deel tydens opleiding die feit dat daar 168 ure in 'n week is: HeY! het 30 minute om Bybel les te gee. Daar bly 167.5 ure oor waar kinders bloot-gestel word aan ander dinge! MAAK IMPAK IN 30 min!**